

# Personeelkamer Opening

## 74. Hoe langer jy wag hoe groter die seën

Die hond en die olifant het saam swanger geraak.

Drie maande het verby gegaan en die hond het geboorte geskenk aan 6 oulike vet woelige klein hondjies. Almal het hulle bewonder en almal wou deel aan die trotse moeder se werpsel. Nog niks vir die olifant nie.

Na nog ses maande was die hond weer dragtig en na 'n verdere 3 maande was daar weer 'n werpsel van die mooiste oulikste klein brakkies. Nog niks vir die olifant nie.

Na 'n verdere ses maande was die hond weer dragtig en sy stap na die olifant en se vir haar: "Jy weet ek is alweer swanger en ek gaan geboorte skenk aan nog 'n werpsel oor drie maande. Ek en jy was saam swanger met my eerste klompie babas, maar daar is nog niks vir jou nie. Wat nou?"

Die olifant het stil gestaan, die hond stip aangekyk en toe het sy gesê: "Mevrou Hond, baie geluk met al jou klein babas, hulle is te fraai, MAAR ek dra 22 maande dan gee ek geboorte. Die verskil is as ek geboorte gee is dit so anders as joune. Die hele wêreld wag vir my baba. Ons is skaars en dis 'n groot gebeurtenis. Wanneer my baba gebore word dan dreun die aarde, want dis 'n groot gewig wat die aarde tref. Daar is mense wat hulle verwonder oor die geboorte van my baba, en almal neem kennis van die groot wonderwerk."

Het jy al om jou rondgekyk en gesien dat daar wonderwerke gebeur in ander mense se lewens. Hulle gebede word beantwoord, elke paar maande is daar nuwe lewe in hulle lewens soos hulle gebede beantwoord word.

EN HIER STAAN JY.... Hoe lank bid jy al ....hoe lank wag jy al.... en daar is niks....niks ... niks. MAAR LUISTER MOOI.....As jou antwoord kom dan sal almal weet... die aarde sal dreun van die geboorte slag en almal sal kennis neem dat jou wonderwerk afgelewer is.

Raak rusig soos die olifant en weet God vergeet niemand nie. Ons behoeftes is nie almal dieselfde nie en God het SY tyd met alles! Alles, ook die wag, is deel van God se plan.

Joune is nie 'n klein werpsel hondjies nie....Joune is 'n Olifant...!

***Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.***